



OOSTELIKE SINODE



LAAT U RYK, HEER IN ONS, DEUR ONS ORAL KOM!

24 November 2021

RIGLYNE VIR VERGOEDINGSPAKKETTE VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 MAART 2022 TOT 28 FEBRUARIE 2023

Oostelike Sinode het die **riglyne** vir vergoeding van die Algemene Sinode ontvang, wat ons soos gewoonlik na ons gemeentes deurgee.

Die **Pensioenfonds** voorsien direk hulle inligting aan die werkgewers. Omsendbriewe wat die Sinode van die Pensioenfonds ontvang word aan leraars en gemeentes gestuur en ook op die Sinode se webwerf geplaas. Die bydraes word bepaal deur die **pensioengewende salaris** wat bereken word volgens die formules wat deur die Pensioenkantoor, Theo Smith (012-342 0415), voorsien word. Cathy Odendaal by ons Sinodehuis kan ook met die berekening behulpsaam wees.

By die onderhandeling van die jaarlikse vergoedingspakkette van leraars word die **Totale koste van Indiensneming (TKVI)** in ag geneem. Die TKVI riglyn bestaan tans uit die volgende komponente:

- 'n traktement met as *minimum standaard* die riglyn traktementskaal soos in punt 1;
- 'n motortoelaag of 'n ampsmotor gebaseer op die riglyn soos in punt 2;
- gratis huisvesting of billike behuisingstoelae, gewoonlik 35% van die topskaal traktement met inagnam van plaaslike omstandighede;
- bydrae tot die pensioenfonds soos ooreengekom, met verwysing na die kommunikasie uitgestuur deur die Predikante en Amptenare Pensioenfonds;
- 'n bydrae van minstens 50% tot die groeplewensversekeringskema;
- die volle bydrae van die premie vir enkelbedrag ongeskiktheid
- 'n bydrae tot die mediese skema van minstens 50% van die lid se premie;
- ander toelaes soos ooreengekom;

Die volgende statutêre bydraes word deur die werkgewer gedra, maak vorm nie deel van die vergoedings-deel van die TKVI nie:

- werkgewerbydraes tot die werkloosheidsversekering;
- premies betaalbaar aan die Vergoedingskommissaris

1. Traktement

Gemeentes het die afgelope jaar swaar gebuk gegaan onder die gevolge van die pandemie. Vir die huidige finansiële jaar was twee moontlikhede aan kerkrade gestel:

- i) geen verhoging op die 2020-2021 riglyne nie;
- ii) vir gemeentes wat wel in staat was om 'n verhoging te gee, was die riglyn dat enige verhoging op die 2020-2021 tabelle nie 3% moet oorskryf nie.

- 1.1. Met inagnome van die invloed wat die Covid-19 pandemie op gemeentes se finansies gehad het, en moontlik steeds het, is die **riglyn** vir 2022/2023 vir leraars wat nog nie op topskaal vergoed word nie 'n kerfverhoging plus 'n wisselende klein aanpassing van die skale. Hierdie riglyn is van toepassing waar die Sinode se riglyn in die verlede gevolg is. Hiermee word gepoog om die kerwe meer eweredig te verdeel, haalbare verhogings toe te laat en dit laat jonger predikante steeds vorder met die kerwe sodat daar meer gelyke behandeling is. Om die korrekte nuwe skaal te kry, neem die huidige jaar se kerf en lees die waarde van die nuwe kerf op die skaal soos onder 1.4 met die pyltjie aangedui.
- 1.2. Gemeentes wat wel 'n verhoging vir 2021/2022 toegestaan het, moet eie berekenings vir 2022/2023 doen.
- 1.3. Elke predikant se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar werkgewer (byvoorbeeld die Kerkraad). Hierdie onderhandelinge moet 'n balans probeer vind tussen die finansiële vermoë van die gemeente, die verwagtinge en behoeftes van die leraar en die diensooreenkoms tussen die leraar en die Kerkraad.
- 1.4. Afhangende van die diensooreenkoms tussen die predikant en die werkgewer word 'n diensbonus, naamlik 'n dertiende tjek aanbeveel. Die bedrag behoort een maand se traktement, sonder enige ander toelaes en voordele te wees.
- 1.5. Traktementskaal:

Kerf	2021/2022		2022/2023		Effektiewe
	Maand	Jaar (x 13)	Maand	Jaar (x 13)	% aanpassing
1	16 100	209 300	16 500	214 500	2.5
2	16 320	212 160	17 120	222 560	6.3
3	16 970	220 610	17 340	225 420	6.3
4	17 620	229 060	18 040	234 520	6.3
5	18 260	237 380	18 730	243 490	6.3
6	19 610	254 930	19 610	254 930	7.4
7	20 960	272 480	20 960	272 480	6.9
8	22 300	289 900	22 300	289 900	6.4
9	23 650	307 450	23 720	308 360	6.4
10	24 990	324 870	25 160	327 080	6.4
11	26 340	342 420	26 600	345 800	6.4
12	27 690	359 970	28 020	364 260	6.4
13	29 030	377 390	29 470	383 110	6.4
14	30 380	394 940	30 900	401 700	6.4
15	31 730	412 490	32 330	420 290	6.4
16	32 970	428 610	33 760	438 880	6.4
17			34 620	450 060	5.0

2. Voertuig- en vervoertoelae

- 2.1. Die voertuig- en vervoertoelaag was in die verlede bereken volgens die SAID se tabelle, maar dit word eers na die begrotingsrede in Februarie gepubliseer. Verskeie gemeentes het in die verlede aan die Sinode gekommunikeer dat die SAID tabelle te laat gepubliseer word (gewoonlik jaarliks middel tot einde Februarie) om gemeentes met hul begroting en salaris onderhandelinge te help. Daarom beweeg die Sinode as riglyn na 'n gemiddelde model, waar ons die vorige jare se SAID tabelle se inligting gebruik om redelike gemiddelde verhogings te bepaal.
- 2.2. Vir begrotingsdoeleindes kan kerkrade werk met die syfers soos hieronder aangedui. Dit staan gemeentes vry om die SAID tabelle te gebruik sodra dit beskikbaar is.
- 2.3. Ons het verlede jaar aanbeveel dat gemeentes voortgaan om die bestaande syfers te gebruik totdat die nuutste inligting deur die SAID bekendgestel word. Volgens die SAID tabel was die vastekoste-komponent R80,539 en die lopende koste 179.9 sent per kilometer vir 2020/2021. Die tabel wat in Februarie 2021 vir 2021/2022 gepubliseer is, het vastekoste as R75,039 aangedui en lopende koste as 176.8 sent, wat heelwat laer was as die vorige jaar se syfers
- 2.4. Die lopende koste komponent word gebruik in die berekening om die vervoertoelaag vas te stel volgens die gemiddelde aantal amptelike kilometers wat die predikant jaarliks aflê.
- 2.5. Met die gemiddelde model in 2.1 genoem word die vastekoste-komponent op R76,396 vasgestel, en die lopende koste 177.9 sent per kilometer.
- 2.6. Voorbeelde van berekeninge volgens aantal kilometers:

Aantal km	Bereken @ 177.9 s/km	Vastekoste	Jaarlikse Reistoelaag
12 000	R21 348	R76 396	R97 744
18 000	R32 022	R76 396	R108 418
24 000	R42 696	R76 396	R119 092

3. Ander voordele

- 3.1. Amptelike kommunikasie- uitgawes soos vir rekenaar, selfoon en internet behoort per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis te word, óf direk deur die werkgewer vereffen word en moet dan by die belasbare inkomste van die leraar in berekening gebring word.
- 3.2. Die gemeente maak ook voorsiening vir verdere opleiding. Dit vorm nie deel van die pakket van die leraar nie.

4. Personeel in diens van die kerkrade

Kerkrade neem self billike besluite oor die markverwante vergoeding van personeel in die lig van kwalifikasies, werksure en verantwoordelikhede asook die finansiële vermoë van die gemeente. 'n Verhoging van 5% kan as **riglyn** gebruik word, maar moet verkieslik nie oorskry word nie.

Waar personeel aan die Predikante en Amptenare Pensioenfonds behoort moet die riglyne gevolg word wat deur die Pensioenfonds kantoor uitgestuur is.

Cathy Odendaal

BEDRYFSBESTUURDER